

Gereformeerde Kerk Bellville – 29 Oktober 2017 – Oggend

Sing vooraf staande: Psalm 46:1, 4 (p. 236)

- 1 God is 'n toevlug in die nood, / 'n rots wat altyd vas bly staan,
al dreig die vyand met die dood, / al storm sy leërbendes aan.
Laat dan maar buig en beef / al wat ons hier omgeef;
laat berge uit hul stee / wegwinkel in die see – / ons sal nie beef of rugwaarts gaan.

- 4 Gewis die HERE Sebaot / sal sy gedugte mag laat blyk;
in nag en storm sal Jakobs God / ons rotsburg wees wat nooit beswyk.
kom nader en bemerk, / aanskou die HEER se werk; / hoe Hy die wêreld rig;
hoe alles voor Hom swig / en in ontsetting weg moet wyk!

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 147:1, 2 (p. 704)

- 1 Laat voor die HEER 'n lofsang rys! / Hoe goed is dit om God te prys!
Hoe lieflik om die lof te sing, / die lof wat ons aan Hom moet bring!
Want Hy wil ons in guns aanskou, / Hy wil Jerusalem herbou
en Isr'el wat verstrooid nog swerf, / versamel op die heil'ge erf.

- 2 Hy heel gebrokenes van hart, / en Hy verbind hul in hul smart.
Sy oë speur oneindig ver; / Hy tel en roep die laaste ster;
sy krag en kennis, ongemeet, / oorwelf al wat ons ken en weet.
Sagmoediges verhef Hy weer, / maar goddeloses werp Hy neer.

Geloofsbelydenis: Nicea

Wet

Psalm 94:8, 10 (p. 473)

- 8 Die HEER sal in ons donker lewe / sy volk en erfdeel nooit begewe.
Die regspraak keer, vol majesteit, / terug weer tot geregtigheid.
En wie opreg is van gemoed – / hy volg die regspraak op die voet.

- 10 As ek moet roep in donker stonde: / “My voet gly uit, ek gaan te gronde!”
dan ondersteun u goedheid my. / In my gepeins is U naby;
as duisend sorges my verskrik, / het u vertroosting my verkwik.

Gebed

Skrifberyming 5-2:8, 9 (Sb 7)

- 8 Het eers sy offerbloed gevloei, / dan sal vir Hom 'n nakroos bloei,
en eeu-omvattend bring sy hand / Gods werk voorspoediglik tot stand.
Hy sal, vir al sy sielsverdriet, / sy werk aanskou en vol geniet,
en deur sy suiwer kennislig / regverdig maak en vryheid stig.

- 9 Dan kom 'n leërskaar hierna / vir wie Hy al die skuld wou dra;
en aan Hom word mét grotes mee, / mét magtiges 'n deel gegee,
omdat sy siel in lydensnood / vol uitgestort is in die dood,
en Hy, deur smaadheid diep gekwel, / by die oortreders is gestel.

Skriflesing: Romeine 1:8-17; 3:9-31; Heidelbergse Kategismus, Sondag 23:59-61

Kernvers: Romeine 1:17; 3:21-24

Want die geregtigheid van God word daarin geopenbaar uit geloof tot geloof, soos geskrywe is: Maar die regverdige sal uit die geloof lewe.

(Romeine 1:17 AFR53)

Maar nou is die geregtigheid van God geopenbaar sonder die wet, terwyl die wet en die profete daarvan getuig, die geregtigheid naamlik van God deur die geloof in Jesus Christus vir almal en oor almal wat glo, want daar is geen onderskeid nie; want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God, en hulle word deur sy genade sonder verdienste geregverdig deur die verlossing wat in Christus Jesus is. (Romeine 3:21-24 AFR53)

Heidelbergse Kategismus

Vraag 59: Maar wat baat dit jou dat jy dit alles glo?

Antwoord: Dat ek in Christus voor God geregverdig en 'n erfgenaam van die ewige lewe is (a).

(a) Hab 2:4; Rom 1:17; Joh 3:36.

Vraag 60: Hoe is jy regverdig voor God?

Antwoord: Slegs deur 'n ware geloof in Jesus Christus (a); só dat kla my gewete my aan dat ek teen al die gebooe van God swaar gesondig het en nie een daarvan gehou het nie (b) en dat ek nog gedurigdeur tot alle kwaad geneig is (c), God nogtans aan my sonder enige verdienste van my kant (d), uit louter genade (e) die volkome genoegdoening (f), geregtigheid en heiligheid van Christus (g) skenk (h). Dit reken Hy my toe asof ek nooit sonde gehad of gedoen het nie, asof ek self al die gehoorsaamheid volbring het wat Christus vir my volbring het (i). Aan hierdie weldaad het ek deel vir sover ek dit met 'n gelowige hart (j) aanneem.

(a) Rom 3:21, 22, 24; 5:1, 2; Gal 2:16; Efes 2:8, 9; Fil 3:9. (b) Rom 3:9. (c) Rom 7:23. (d) Rom 4:4; 2 Kor 5:19. (e) Tit 3:5; Deut 9:6; Eseg 36:22. (f) Rom 3:24; Efes 2:8. (g) 1 Joh 2:2. (h) 1 Joh 2:1.

(i) 2 Kor 5:21. (j) Rom 3:22; Joh 3:18.

Tema: Die waarde van geloof in Christus – die gelowige is regverdig voor God

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, eerskomende Dinsdag sal dit vyf honderd jaar wees sedert Martin Luther sy vyf en negentig stellings teen die kerkdeur in Wittenberg vasgespyker het. Vir gereformeerdes is dit 'n dag van dank en lof aan die Here, want van dié dag af het die ywer om terug te keer na die Woord van die Here onstuitbaar gebrand. Die Heilige Gees het aan mense soos Luther en baie voor hom en ná hom die vrymoedigheid geskenk om, teen die populêre siening in, die waarheid van God se Woord te verkondig.

Een van die populêre sienings waarteen die waarheid van God verkondig moes word, is die siening oor hoe 'n mens weer 'n herstelde verhouding met God kan hê en 'n erfgenaam van die ewige lewe kan word. Die populêre siening van vyf honderd jaar gelede, was al die populêre siening van die Fariseërs en hulle volgelinge. Vir baie mense van vandag is dit steeds die populêre siening – jy as mens moet iets doen sodat God jou sal begin liefkry en op die ou end sal Hy vir jou die ewige lewe as prys gee omdat jy so mooi geprester het. Hierdie siening is populêr, want eie aan die geaardheid van die mens kan en wil mense nie aanvaar dat hulle so hulpeloos is dat hulle niks kan doen om die ewige lewe te verkry

nie.

In aansluiting hierby is mense ook nie bereid om iets te doen wat nie vir hulle die een of ander voordeel gaan oplewer nie. 'n Mens wil mos nie jou tyd mors met 'n ding wat nie vir jou gaan help nie. Jongmense voel dikwels so oor een of meer skoolvakke wat hulle het. Hoe baie maal het kinders al gevra: Wat gaan hierdie vak my in die lewe help?

Wanneer ons by Sondag 23 kom, het ons nou al stelselmatig deur die hele Twaalf Artikels gewerk. Die Twaalf Artikels is die kerk se belydenis van haar geloof. Toe ons die Twaalf Artikels aan die hand van ons Kategismus deurgegaan het, het ons agtergekom hoe elkeen van hierdie artikels agter die Woord van die Here aan praat. Dit is mos wat belydenis is – jy sê agter die Here aan wat Hy vir jou in sy Woord leer. Ons leer hierdie dinge ook vir ons kinders by die huis en in die kerk. Maar ons wil nie mekaar se tyd mors nie. Daarom vra ons vir onself: **Wat baat dit ons dat ons alles in die Twaalf Artikels glo?** Met ander woorde, watter waarde het dit vir ons om te weet dat God sy Seun na hierdie wêreld gestuur het om vir mense se sondes aan die kruis te sterf?

Die antwoord wat ons op hierdie vraag gee, is kort en kragtig: **Ons is in Christus voor God geregverdig en erfgename van die ewige lewe.** Deur te glo dat Jesus Christus vir jou sondes aan die kruis gesterf het, kan jy weet en vertrou dat jy van jou sondes en van God se ewige oordeel verlos is. En omdat die gelowige verlos is, beteken dit dat hy geregverdig is.

Ter wille van die kinders moet ons net eers sê wat beteken *geregverdig* of *regverdig*. Om voor God regverdig te wees beteken dat 'n mens gehoorsaam is aan die gebooe van die Here. Daarom is jy dan sonder enige skuld aan enige oortreding of misdaad. Om geregverdig te wees beteken dat God jou onskuldig verklaar aan enige oortreding van sy gebooe en Hy beskou jou as 'n wetsgehoorsame burger in sy koninkryk.

Broers, susters en kinders, ons leer die Here ken as die heilige en almagtig God. Hy is die Skepper van hemel en aarde en alles daarin. Omdat Hy die Skepper van alles is, is Hy noodwendig ook die Eienaar daarvan. En as jy eienaar is van jou huis, kan jy ook die reëls maak van hoe 'n mens in jou huis sal optree. Die eienaar bepaal wat is toelaatbaar en wat is ontoelaatbaar. Aangesien God die Eienaar is van die hele skepping en elke skepsel – ook van die mens – is dit sy reg om te sê hoe mense op hierdie aarde sal lewe. Hy kan dus sê wat is toelaatbaar en wat nie. Verder bepaal die Here ook wat sal gebeur met iemand wat nie sy wet hou nie. Die mens wat sy wet oortree, sal gestraf word met die ewige straf.

Ons het vanoggend weer in die Tien Gebooe gehoor wat toelaatbaar en ontoelaatbaar is in ons verhouding met die Here en ons verhouding met ander mense. En dit maak nie saak watter verskoning 'n mens kan uitdink nie, elkeen van ons is op een of ander manier skuldig daaraan dat ons nie hierdie gebooe volmaak kon gehoorsaam het nie. Elke liewe mens staan dus skuldig voor die Here. Elkeen van ons se lewensverhaal lyk soos wat ons gelees het in Romeine 3:9-18. Dit is die Here se eie beoordeling van hoe alle mense lyk – deur en deur skuldige sondaars – want hierdie verse is die samevatting van Romeine 1:18 tot 3:8. In hierdie gedeelte het Paulus vertel hoe die heidene en die Jode lewe.

Paulus het egter nie met hierdie droewige uitsig op die mensdom sy brief begin skryf nie. In ons eerste kernvers praat hy van God se geregtigheid. God se geregtigheid is sy reg. Nou weet ons al iets van God se reg. Dit is sy reg om te bepaal wat is toelaatbaar en wat is ontoelaatbaar in mense se verhouding met Hom en met mekaar. Dit is ook die Here

se reg om mense te straf wat nie sy wet hou nie. Maar nou moet ons tog fyn oplet wat in Romeine 1:17 geskryf staan:

Die geregtigheid van God word daarin geopenbaar uit geloof tot geloof, soos geskrywe is: Maar die regverdige sal uit die geloof lewe. (Romeine 1:17 AFR53)

Kom ons hou net eers die betekenis van God se reg eenkant en kyk mooi na vers 17. Paulus skryf: *God se geregtigheid word daarin geopenbaar.* Hierdie woord *daarin* wys terug na wat in vers 16 geskryf staan. In vers 16 sê Paulus dat hy hom nie skaam vir die evangelie van Christus nie, want dit is 'n krag van God tot redding vir elkeen wat glo. Met ander woorde, die evangelie van Christus is God se krag om elkeen wat glo te red. Om mense van hulle sondes en van God se straf te red is die krag van God nodig. As die verlossing van die mens dan God se krag verg, is dit mos geen wonder dat 'n mens hulpeloos is wanneer dit by sy verlossing kom nie. En 'n mens moet glad nie dink dat hy niks werd is omdat hy so hulpeloos is dat hy nie self iets kan doen om die ewige lewe te verkry nie.

Die evangelie van Christus is God se krag en in die evangelie word God se geregtigheid geopenbaar. Wat leer ons van God se geregtigheid in die evangelie ken? Nou moet ons mooi oplet wat is die antwoorde: In die evangelie van Christus leer ons dat God se geregtigheid uit geloof tot geloof is, of anders gesê: In die evangelie van Christus leer ons dat God se geregtigheid 'n saak is wat deur en deur op geloof berus.

Laat ons nou net eers vir onself 'n paar lyne duidelik trek:

- Dit is God se reg om te sê hoe 'n mens mag lewe en nie mag lewe nie, want Hy is die Skepper.
- God is ook regverdig om die mens wat sy wet oortree te straf.
- In die Tien Gebooie hoor ons wat God van ons verwag.
- Maar terselfdertyd weet ons ook dat ons nie honderd persent aan God gehoorsaam kan wees nie, want ons is sondaars.
- Tog openbaar God in Christus sy krag om mense te red.
- En in die evangelie van Christus leer ons dat God se geregtigheid 'n saak van geloof is.

God se geregtigheid het dus in hoofsaak met Christus en met geloof te doen.

Nadat Paulus in die samevatting in Romeine 3:9-18 geskryf het hoe die mens werklik lyk – 'n skuldige sondaar wat die ewige straf van God verdien – kom hy daarby om aan te dui wat Christus en geloof met die geregtigheid van God te doen het. In Romeine 3:21 neem hy weer die woorde op wat hy in Romeine 1:17 geskryf het: **Maar nou is die geregtigheid van God geopenbaar ...** In vers 22 gaan hy voort om nog duideliker te sê wat hierdie geregtigheid van God is: Dit is die geregtigheid waaraan mense deel kry wanneer hulle in Jesus Christus glo.

Geliefdes, as die hele argument soos wat Paulus dit voer vir u nog onbegryplik klink, moet u net bietjie uithou, want alles word in vers 23 en 24 ontvou. Ons hoor aan die een kant van die geregtigheid van God – dit is God se reg om gehoorsaamheid aan sy gebooie van mense te eis en sy reg om die ongehoorsames te straf. Aan die ander kant besef ons waar ons staan – ons staan aan die kant van die ongehoorsames wat deur God gestraf behoort te word.

Die Heilige Gees bevestig nie net ons skuld teenoor God nie. In vers 23 sê Hy dat alle mense skuldig is:

Almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God.
(Romeine 3:23 AFR53)

Daar is nie een mens wat homself kan verontskuldig nie. Elke liewe mens het die gebooie van die Here oortree en is aan 'n ontelbare hoeveelheid misdade skuldig. In plaas daarvan dat hulle die Here geëer het, het hulle Hom onteer, want hulle het Hom nie gehoorsaam of geglo nie. In vers 23 sê die Heilige Gees dieselfde as wat in die samevatting in Romeine 3:9-18 geskryf staan.

Maar luister nou wat gebeur met mense wat in Jesus Christus glo:

Hulle word deur sy genade sonder verdienste geregverdig deur die verlossing wat in Christus Jesus is. (Romeine 3:24 AFR53)

Ons kom dadelik agter dat hier 'n massiewe verskuiwing gekom het. Ons het nog steeds aan die een kant God se reg om gehoorsaamheid te eis en sy reg om ongehoorsames te straf. God verander mos nie. Aan die ander kant weet ons dat mense skuldige sondaars is en hulle het niks gedoen sodat God van sy reg sou afgesien het nie. As skuldige sondaars verdien hulle steeds die ewige straf op hulle sonde. Maar nou openbaar die Heilige Gees dat mense wat in Jesus Christus glo deur God geregverdig word deur die verlossing wat in Christus Jesus is. Dit gebeur deur God se genade en sonder enige verdienste van die mense wat glo.

God het nie van sy reg om gehoorsaamheid te eis en om ongehoorsaamheid te straf afgesien nie. Maar daar het verlossing deur Christus Jesus gekom. Jesus Christus, die Seun van God, het 'n ware en regverdige mens geword. Hoor u daardie woorde – *ware en reg-verdige mens*. Jesus Christus staan voor sy heilige Vader regverdig. Hy is geheel en al onskuldig aan enige oortreding voor sy Vader. En wat die gebooie betref – Hy het elkeen van die Tien Gebooie honderd persent gehoorsaam. Hierdie gehoorsaamheid is die een deel van die verlossing wat Jesus Christus bewerkstellig het.

Die ander deel van die verlossing is dat Jesus Christus as ware mens die plek van mense kon inneem en vir hulle borg staan. Wanneer iemand gaan studeer, moet hy ongelukkig groot skuld aangaan om sy studies te betaal. Self kan hy nie die skuld betaal nie totdat hy klaar gestudeer het. Die bank sal die geld aan die student gee net as iemand vir hom borg staan. Die borg neem dan die verantwoordelikheid om al die skuld te betaal as die student om watter rede ook al dit nie kan betaal op die afgesproke tyd nie.

Dit is God se reg om die ongehoorsames te straf. Wanneer ongehoorsame mense met God se straf gestraf word, beteken dit vir hulle die ewige dood. Omdat Jesus Christus 'n ware mens is, kan Hy borg staan vir mense. Hy het die skuld wat mense gehad het by God in hulle plek betaal. Hy het aan die kruis die straf op die sonde ondergaan wat die ongehoorsames verdien het.

Die mense wat nou van die Heilige Gees die geloof ontvang om in Jesus Christus te glo en te vertrou dat Jesus Christus hulle Verlosser is, is regverdig voor God. Op grond van die waarheid wat die Here in die evangelie aan hulle verkondig, glo hulle vas dat Jesus hulle van die sondes en van God se regverdige straf verlos het. En sonder dat hulle enigiets gedoen het, behalwe om in Christus te glo, word hulle geregverdig deur God se genade. Hierdie mense kry nou dieselfde status as Jesus Christus – hulle is regverdig. Dit wil sê, hulle word beskou as mense wat God se gebooie honderd persent gehoorsaam en hulle is geheel en al onskuldig aan enige oortreding teen God.

God het sy geregtigheid volkome gehandhaaf. Hy eis gehoorsaamheid en Jesus was honderd persent gehoorsaam aan elke gebod van die Here. God eis dat die

on gehoorsames gestraf word en Jesus Christus het in die plek van die on gehoorsames gaan staan en hulle straf op Hom geneem. Die mens wat nou glo dat Christus sy volmaakte en volkome Verlosser is, word deur God regverdig verklaar. So 'n mens is geheel en al onskuldig aan enige misdaad teen God.

Broers, susters en kinders, dit is wat ons in antwoord 60 bely. En hiermee wil ek afsluit:

God se geregtigheid bestaan uit twee dele: Hy het die reg om gehoorsaamheid van die mens te eis en Hy het die reg om on gehoorsaamheid te straf. Uit eie ondervinding weet ons waar ons van nature staan – ons is die on gehoorsames wat gestraf moet word. Maar luister net hoe erg is die aanklag teen ons: ***Ons het swaar gesondig teen al God se gebooië, ons het nie een van God se gebooië gehou nie en ons is nog gedurigdeur geneig tot alle kwaad. Nogtans skenk God uit louter genade aan die gelowige die volkome genoegdoening, geregtigheid en heiligheid van Christus sonder dat die gelowige iets moet doen behalwe om die Here te glo.*** Wanneer God hierdie geskenk aan die gelowige gegee het, is daar 'n heerlike gevolg: ***God beskou die gelowige nou as iemand wat nog nooit sonde gedoen of gehad het nie, ja, asof hy self al die gehoorsaamheid volbring het wat Christus vir hom volbring het.***

Aan hierdie genadige verlossing het 'n mens deel solank as wat jy dit met 'n gelowige hart aanneem. Dit geliefdes, is die waarde van geloof in Christus – God verklaar jou regverdig.

Amen!

Slotgebed

Psalm 73:11, 12 (p. 369)

- 11 Wie het ek in die hemel, HEER – / wie kan ek newens U begeer?
Wat het ek waar my hart, onrustig, / hom op die aarde^oin kan verlustig?
Beswyk dan ooit in bittersmart / of bange nood my vlees en hart,
dan sal U wees vir my gemoed / my rots, my deel, my eewige goed.
- 12 Wie ver van U sy weg wil gaan, / stap op 'n donker afgrond aan.
U roei hul uit wat U gesmaad het, / in troueloosheid U verlaat het.
Maar dis my goed, my saalge lot, / as ek naby is by my God.
Ek het my hoop op God gestel / om al sy werke te vertel.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Katkisasieopening

Psalm 122:1 (p. 610)

- 1 Ek was verheug toe die geluid / weerklink het bo die ruimtes uit:
Kom, laat ons optrek hiervandaan, / om na die HEER se huis te gaan!
O heil'ge stad, gelukkige^ooord, / ons voete staan nou in jou poort!
Jerusalem, waar al die stamme / op Gods bevel hul feesdag hou,
Jerusalem is goed gebou / en glinster in die son se vlamme.